

## KWEKHUISGAS

# KLIMAAT: NAVORSING WYS DIÉ OPVATTINGS IS ONGEGROND

VLEIS raak 'n gewilde teiken in die visier van aktiviste namate die omvang en impak van klimaatsverandering toenemend onrusbaarend raak. Al hoe harder geluide word gemaak dat mense minder vleis moet eet om die omgewing te red. Daar is selfs aktiviste wat die instelling van 'n belasting op vleis bepleit.

Volgens Frank M. Mitloehner, 'n professor in dierkunde en luggehalte aan die Universiteit van Kalifornië, berus al dié argumente op die aanname dat vleisproduksie internasionaal meer kweekhuysgasse as die totale vervoersektor vrystel. Mitloehner het egter bewys dat dié siening verkeerd is. Dit berus op vals aannames oor die verbintenis tussen vleis en klimaatsverandering.

Sy navorsing het gekyk na maniere waarop veeproduksie luggehalte en klimaatsverandering beïnvloed. Hy meen daar is goeie redes waarom mense 'n spesifieke dieet verkies. Om alle vleis en vleisprodukte uit te skakel, is egter nie die magiese oplossing soos algemeen aanvaar word nie. As dit te ver gevoer word, kan dit skadelike gevolge vir menslike voeding inhou.

## VLEIS EN KWEKHUISGASSE

'n Groot deel van die kritiek teen rooivleis berus op die aanname dat vee wêreldwyd die grootste bron van kweekhuysgasse is. In 'n ontleding wat in 2009 deur die Worldwatch-instituut bekend gemaak is, is beweer dat 51% van alle kweekhuysgasse aan die produksie en verwerking van vee toegeskryf kan word.

Volgens die Amerikaanse omgewingsbeskermingsagentskap was die grootste brone van kweekhuysgasse in 2016 egter die opwekking van elektrisiteit (28% van die totaal), vervoer (28%) en nywerhede (22%). Die landbousektor was verantwoordelik vir 9%. Die veebedryf het 3,9% daartoe bygedra. Dít verteenwoordig 'n heel ander prentjie.

## HOE HET DIÉ WANINDRUK ONTSTAAN?

In 2006 het die Verenigde Nasies se Voedsel- en Landbou-organisasie (VLO) 'n navorsingstudie met die titel "Livestock's Long Shadow" bekend gemaak wat internasionaal aandag getrek het. Dit het die stelling gemaak dat vee 'n verbysterende 18% van die wêreld se kweekhuysgasse produseer. Die agentskap het tot 'n verrassende slotsom gekom: Veeproduksie benadeel die klimaat meer as alle maniere van vervoer gesamentlik.

Laasgenoemde stelling was foutief en is

intussen deur die outeur van die navorsingstudie, Henning Steinfeld, reggestel. Ongelukkig het die VLO se navorsers 'n omvattende lewensiklus-ontleding gebruik om die veebedryf te beoordeel, maar 'n ander metode gebruik om die vervoersektor se hidrae te bereken.

In die geval van vee is elke faktor wat verbind kan word met die produksie van vleis in ag geneem. Dit het vrylatings van kunsmisproduksie, ontbossing, voerproduksie en regstreekse vrystelling van diere (van geboorte tot dood) in ag geneem.

## Tot vandag is dit 'n stryd om die wanindruk reg te stel.

Toe die vervoersektor se koolstofvrystelling bereken is, is die impak van die vervaardiging van voertuigmateriaal en -onderdele en die onderhoud aan paaie, brûe en lughawens buite rekening gelaat. Die vergelyking tussen kweekhuysgasvrystellings van vee en vervoer was dus uiters verwronge.

Hoewel die VLO sy fout erken het, het sy aanvanklike stelling dat vee die grootste aandeel in kweekhuysgasvrystellings het, groot aandag gekry. Tot vandag is dit 'n stryd om die wanindruk wat daarmee gewek is, reg te stel.

In sy jongste ontledingsverslag het die VLO bereken dat vee vir 14,5% van internasionale kweekhuysgasvrystellings van menslike bedrywighede verantwoordelik is. Daar is geen vergelykbare volle lewensiklusontleding van die vervoersektor nie.

## KLIMAAT NIE SÓ GERED

Baie mense dink steeds 'n afname in vleisverbruik sal 'n aansienlike verskil aan klimaatsverandering teweeg bring. Volgens 'n onlangse navorsingstudie sal Amerika se kweekhuysgasvrystellings met slegs 2,6% daal as alle vleis uit die bevolking se dieet verwyder word.

Navorsing deur die Universiteit van Kalifornië het bewys Amerika se kweekhuysgasvrystellings sal met net 0,5% daal as alle Amerikaners die praktyk van vleislose Maandae beoefen.

Verder het die tegnologiese, genetiese en

bestuursveranderinge wat die Amerikaanse landbousektor oor die afgelope 70 jaar aanbring het, daartoe gelei dat veeproduksie doeltreffender is en minder kweekhuysgas vrystel. Volgens die VLO se databasis het die regstreekse kweekhuysgasvrystellings van Amerika se veebedryf sedert 1961 met 11,3% gedaal, terwyl vleisproduksie meer as verdubbel het.

Die vraag na vleis in ontwikkelende lande, met die Midde-Ooste, Noord-Afrika en Suidoos-Asië aan die voerpunt, neem toe. Dié lande se verbruik van rooivleis per kop is egter steeds laer as dié van ontwikkelde lande. In 2015 was die gemiddelde verbruik van vleis in ontwikkelde lande 92 kg per kop, teenoor 24 kg in die Midde-Ooste en Afrika en 18 kg in Suidoos-Asië.

## DIE WAARDE VAN VEEPRODUKSIE

Indien vee uit Amerika se landbousektor verwyder word, sal die land se nasionale kweekhuysgasvrystellings effens verminder, maar dit sal moeiliker wees om in die bevolking se voedingsbehoefte te voorsien. Dit is maklik om te sê dat as boere net plantgewasse produseer, kan hulle meer kilogram kos en meer kilojoules per persoon produseer. Maar mense het ook baie noodsaaklike mikro- en makrovoedingstowwe vir goeie gesondheid nodig.

Boonop is nie alle plante eetbaar nie, terwyl veeproduksie 'n manier is waarop voedings- en ekonomiese waarde tot plantgebaseerde landbougewasse gevoeg kan word.

Baie van die plantgewasse wat geproduseer word, is net geskik vir dierlike verbruik. Tot 70% van alle landbougrond ter wêreld is net geskik vir veeproduksie.

Die wêreldbevolking sal na verwagting teen 2050 'n syfer van 9,8 miljard bereik. Om al dié mense te voed, sal 'n groot knelpunt wees. Vleis is hoër in voedingswaarde as wat die geval met vegetariese kossoorte is. Herkouers gedy op kos wat nie vir menslike verbruik geskik is nie. Die veesektor is wêreldwyd die bron van 'n miljard mense se lewensbestaan.

Klimaatsverandering vereis dringende aandag en die veesektor het 'n groot omgewingspoor wat die lug, water en grond raak. Tesame met die feit dat 'n vinnig groeiende wêreldbevolking meer kos gaan benodig, gee dit die veesektor meer as genoeg rede om voortdurend na groter doeltreffendheid in veeproduksie te streef. Maar die uitgangspunt behoort op wetenskaplike feite gegrond te wees. **LBW**



**HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.**

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY  
TEL. 012 349 1102 | E-POS: [rpo@lantic.net](mailto:rpo@lantic.net) | WEBWERF: [www.rpo.co.za](http://www.rpo.co.za)